

## Maandag 25 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 20:1-9**

**Fokusgedeelte: Josua 20:6**

### **God se tydelike redding word 'n ewige redding**

Dit was die gebruik in die ou Nabye Ooste dat indien 'n persoon iemand anders se dood veroorsaak het, die familie van die oorledene iemand sou aanwys om hulle verlies te vergeld. (Hierdie praktyk geld vandag nog in sekere lande in die Midde-Ooste.) Daar was met ander woorde geen genade vir die persoon wat 'n ander een se dood veroorsaak het nie – “'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand”.

Nou lees ons van dié interessante reëling wat moes geld in die onlangs verowerde Beloofde Land: Daar moes ses stede geïdentifiseer word waarheen 'n persoon wat 'n ander se dood veroorsaak het, kon vlug om moontlik gered te word – die asielstede (sien Num. 35:22-24). Indien die leiers van die asielstad sou vind dat die persoon nie met opset gemoor het nie, moes die persoon – Israeliet of vreemdeling – in daardie asielstad beskerm word totdat die hoëpriester van daardie tyd te sterwe kom.

Kan jy jou hierdie situasie indink? Jy moes alles los en hardloop vir jou lewe. As jy sou sloer, was dit dalk te laat.

So is dit ook met ons sonde: Wanneer ons dit besef en daarmee sloer, is dit geneig om ons in te haal en te oorrumpel, maar as ons onmiddellik hardloop asof ons lewe daarvan afhang, dan het ons 'n kans. Anders as die persoon in die Ou Testament, is ons wel skuldig, maar die Een wat oor ons moet uitspraak lewer, het self vir ons oortredinge gesterf. Hy neem elkeen in wat kom en hulle sondes bely – ongeag wie jy is. By Hom is daar redding.

En hier is die groot verskil: Die Hoëpriester van hierdie tyd is ewig – daar gaan dus nie 'n tyd kom dat Hy gaan sterwe en ek weer aan my eie lot oorgelaat is nie. My lewe is veilig by Hom en daar sal ek bly tot in lengte van dae.

*Sing: Psalm 46-1:1*

*Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)*